'n Perspektief op die Departement van Justisie

PA du Rand
Departement van Justisie

Pieter du Rand B Proc (UOVS) LLB (Unisa) PRISA, CPRP is die hoofskakelbeampte van die Departement van Justisie

DIE Departement van Justisie het 'n splinternuwe fase in sy bestaan betree – 'n fase wat nie net vir almal wat spesifiek by die departement betrokke is nie, maar inderwaarheid vir almal wat ook in die algemeen by die regspleging betrokke is, 'n uitdaging bied. ***Dit is 'n fase van verryking en uitbreiding***.

Verskillende faktore dra by tot die nuwe, dinamiese benadering. Eerstens is Suid-Afrika uit hoofde van die 1993-Grondwet tot die regstaatideaal verbind. Dit, asook die nuwe konstitusionele bedeling wat betree is, verg van die regering, en gevolglik ook alle departemente, dat die konstitusionele en demokratiese ideale wat nou die rigsnoer is, verwerklik moet word.

° In lyn hiermee het die Departement van Justisie sy ***visie*** so geherformuleer dat die gemeenskap se belange optimaal gedien kan word. Die departement – wat, onder andere, moet toesien dat die daaglikse funksionering van die howe effektief plaasvind – se doelwitte in dié verband is gevolglik om die stelsels en strukture wat met die regspleging verband hou, so aan te pas dat die gemeenskap prakties sal ervaar dat die regspleging meer demokraties, gemeenskapgeoriënteerd en regverdig is.

° Die departement is egter terselfdertyd ook die taak opgelê om wetgewing daar te stel ten einde daardie ***meganismes*** wat in die Grondwet vergestalt is om konstitusionalisme en fundamentele regte te waarborg, te verwesentlik. Voorbeelde in dié verband is, onder meer, strukture soos die Konstitusionele Hof, die Menseregte Kommissie, die Openbare Beskermer en die Regterlike Dienskommissie.

° Die Departement van Justisie is verder besig met 'n ***transformasie- en rasionaliseringsprogram*** waardeur, onder andere, al die voormalige departemente van justisie ineengeskakel word om sodoende een "nuwe" departement te vorm. Baie vooruitgang is reeds in hierdie verband gemaak, ten spyte daarvan dat die rasionalisasie en transformasie hand aan hand met ander ewe belangrike programme gepaard gaan, soos die aanspreek van geweld en ernstige misdaad en bystand wat verleen word om 'n menseregte-kultuur daar te stel.

° Die departement se organisatoriese samestelling sowel as die funksionele bedryf van sy werksaamhede, het reeds etlike veranderinge ondergaan. Aan die hoof van die departement is die ***direkteur-generaal***. Daar is huidig egter ook 'n ***Tussentydse Bestuurskomitee*** aangestel ten einde die direkteur-generaal behulpsaam te wees met die dag-tot-dag bestuur van die departement. Hierdie bestuurskomitee bestaan uit sewe persone wat die elf voormalige departemente van justisie verteenwoordig. Die bestuurskomitee bepaal ook riglyne met betrekking tot aangeleenthede soos werketiek en skakel met personeelverenigings, rade en ander instellings. ***Streeksverteenwoordigers*** is vir al die voormalige departemente van justisie aangestel en hulle onderskraag die Tussentydse Bestuurskomitee ten opsigte van streeksaangeleenthede.

° Soos reeds genoem, is die departement in 'n proses van verandering ge-wikkel. 'n Belangrike aspek wat hier genoem moet word, is die ondersoek wat op die oomblik deur die ***Hoexter-kommissie*** gedoen word. Hierdie kommissie van ondersoek is op 31 Maart 1995 deur President Mandela aangewys om ondersoek in te stel na die herstrukturering van die provinsiale en plaaslike afdelings van die hooggeregshof van Suid-Afrika. Die uitslag van hierdie ondersoek mag moontlik 'n groot verandering in die gebiede van regsadministrasie meebring en hou ook allerlei ander implikasies vir die departement en sy vertakkinge in.

° Wat die ***departement se hoofkantoor*** betref, is 'n nuwe organogram reeds goedgekeur. Dit maak vir 'n aantal hoofkomponente voorsiening. Die Tak: Staatsregsadvies; die Tak: Wetgewing Navorsing; die Tak: Regsdienste; die Tak: Korporatiewe Dienste; die Tak: Menslike Hulpbronne; en die Tak: Streekkoördinering. Van belang is verder dat nuwe strukture soos 'n Direktoraat: Geslagsaangeleenthede en 'n Direktoraat: "Employment Equity", ter bevordering van die ideale wat in die verband in die Grondwet gekoester word, ook reeds in praktyk binne die departement gevestig is.

° Wat die ***funksionele sy*** van die departement se werksaamhede betref, word ingrypende veranderinge in die

vooruitsig gestel. Heelwat hiervan is reeds besig om in die praktyk beslag te verkry. Die doelwitte in hierdie verband is, onder meer, in die konsep-strategiese plan van die departement, getiteld: ***"Justice Vision 2000"***, vervat. In dié plan word daar op ses gebiede van kritieke strategiese intervensie gefokus, naamlik: die daarstel van 'n geïntegreerde en verteenwoordigende departement; die bevordering van veiligheid, sekuriteit en vryheid vir almal; die daarstel van legitieme, verteenwoordigende, mensgesentreerde en verbruikersvriendelike howe; die bevordering van effektiewe opleidings- en inligtingsdienste; en die daarstel van goed-opgeleide en verteenwoordigende regsprofessies. Hierdie konsep-bloudruk word tans binne en buite die departement versprei vir kommentaar en insette

° Een van die belangrikste aspekte waarna indringend gekyk word, is die ***toeganklikheid van die reg vir almal***. In die proses om groter interaksie tussen al die rolspelers in die regsadministrasie, insluitende die regsprofessie, te bewerkstellig, was daar alreeds verskeie nasionale raadplegende regsfora. Die laaste een het spesifiek gefokus op toegang tot die reg, aangesien daar vordering in die stryd teen geweld en ernstige misdaad gemaak sal word indien die bevoegdhede in hierdie verband verbeter word.

° Die departement het gedurende die laaste twee jaar doelgerigte stappe gedoen om die ***kommunikasie*** tussen die Departemente van Justisie, Veiligheid en Sekuriteit en Korrektiewe Dienste op alle vlakke te verbeter. Die Departement van Justisie fokus verder spesifiek op verbeterde ***samewerking*** tussen die howe, die polisie en die gemeenskap om te verseker dat toepaslike getuienis gedurende verhore voor die howe geplaas word.

° Wat die ***howe*** in besonder betref, is die volgende vooruitblik deur die Minister van Justisie, tydens sy begrotingstoespraak op 13 Junie 1996, vermeldingswaardig. Daar word beweeg na 'n enkele struktuur ("a single judiciary") met die volgende eienskappe:

- Op die hoogste vlak, die Konstitusionele Hof en die Appèlhof;
- Afhangende van nuwe wetgewing, hoër howe met en sonder plaaslike afdelings. Hierdie howe sal drie komponente omsluit, naamlik 'n siviele kamer, 'n kriminele kamer en 'n appèlkamer ten opsigte van siviele, strafregtelike en familieregaangeleenthede;
- Streekshowe met drie kamers, naamlik 'n siviele, 'n strafregtelike en 'n familieregkamer;
- Distrikshowe met drie komponente vir onderskeidelik siviele en strafregtelike aangeleenthede en 'n appèlkamer ten opsigte van appèlle vanaf gemeenskapshowe; en
- Gemeenskapshowe met gesamentlike siviele en strafregtelike jurisdiksie. Hierdie howe sal deur 'n hoof-lekevoorsittende beampte hanteer word, en mediasie en bemiddeling sal dié howe se kerndoelwitte vorm.

° Daar word egter huidig reeds dringend aandag geskenk aan die daarstel van 'n ***effektiewe hofbestuurstelsel*** ("court management system"). Dit behels, onder meer, dat 'n hoof-distrikslanddros in beheer van 'n aantal landdrosdistrikte ("clusters of courts") geplaas word en hy/sy dan direkte en effektiewe beheer oor die organisasie en bestuur van al die howe in die gebied sal uitoefen.

° Die ***personeelsamestelling*** van die departement geniet huidig aandag ten einde vakatures te vul en om die samestelling meer verteenwoordigend van die gemeenskap te maak. Gedurende April 1996, het die diensstaat van die departement 13 932 persone behels. Hiervan was 54,7% manlik en 45,3% vroulik (31,7% swart mans, 18,9% swart vrouens, 19,9% Blanke mans, 23,1% Blanke vrouens, 2,1% Kleurlingmans, 1,8% Kleurlingvrouens, 1,0% Indiërmans en 1,5% Indiërvrouens). Verskeie swart hooflanddroste is onlangs aangestel, en beide die laer sowel as die hoër regbank se samestelling is meer verteenwoordigend van die gemeenskap gemaak ten opsigte van ras en geslag. Die bron waaruit regters aangestel word, is ook verbreed.

° Ten einde effektiewe beplanning te kan doen, het die departement 'n ***Beplanningseenheid*** in die lewe geroep. Die eenheid word deur Deense hulp befonds en verleen hulp in die breë transformasieproses en met die formulering van strategiese planne vir die departement en die regspleging. Die doelwit van die departement is om, as gevolg van die deeglike beplanning wat tans onderneem word:

- 'n doeltreffende diens aan die gemeenskap te lewer;
- goed opgeleide, gemotiveerde en menseregte-georiënteerde personeel in diens van die gemeenskap te hê;
- behoorlike meganismes met betrekking tot opleiding oor regsaspekte vir die publiek asook ten opsigte van die bevordering van menseregtebewustheid en die bemarking van die regstelsel, in plek te hê;
- voordeel te trek uit navorsing oor beleidsake en wette om die regstelsel te verbeter en sodoende op hoogte te bly van nasionale en internasionale ontwikkelings;
- doeltreffende regshulp aan daardie persone wat dit benodig, te voorsien;
- spoedige, regverdige en effektiewe regsprosesse te hê;
- toevlug tot toepaslike dispuut resolusie sisteme te hê;
- die onderskeie godsdienstige, en gemeenregtelike regstelsels te harmoniseer;
- 'n hofsisteem te hê wat vir gespesialiseerde aspekte, soos gesinsgeweld, verkragting en toesig, voorsiening maak;
- 'n samehorige, effektiewe en doeltreffende vervolgingsbeleid te hê;
- 'n vonnisbeleid te hê wat misdaad effektief afskrik;
- die ontwikkeling van 'n goed-opgeleide en verteenwoordigende regsprofessie te fasiliteer; en
- aktiewe gemeenskapsbetrokkenheid en vertroue in die regstelsel te bevorder.

Vervolg op p 134

The South African Law Commission

Willie Henegan
Secretary
SA Law Commission

IN order to involve the community actively at an earlier stage, the commission has decided to publish issue papers for appropriate investigations as the first step in the consultation process. The purpose of an issue paper is to announce an investigation, to elucidate the aim and extent of the investigation, to point to possible options available for solving existing problems and to initiate and stimulate debate on identified issues by way of including specific questions on relevant issues. Discussion papers, previously referred to as working papers, are documents by the commission's preliminary research results are contained. In most cases discussion papers also contain draft legislation which gives effect to the commission's tentative recommendations and proposals. The main purpose of these documents is to test public opinion on solutions identified the commission.

The comments of all parties who feel that they have an interest in the topics expounded by the commission or who may be affected by the types of measures discussed in these papers are of vital importance to the commission. The issue papers and discussion papers are obtainable free of charge from the commission on request. The offices of the South African Law Commission are situated at 228 Visagie Street, Pretoria. The postal address is Private Bag X668, Pretoria, 0001. Telephone (012) 322-6440; Fax (012) 320-0936; E-mail: salawcom@cis.co.za

The following issue papers have been published for general information and comment

Harmonisation of the common law and indigenous law with special reference to indigenous law marriages

South African law has always favoured civil and Christian marriages on the assumption that only a voluntary union for life of one man and one woman, to the exclusion of all others, is a true marriage. Since indigenous law marriages are potentially polygymous, they have consistently been denied full recognition. The new Constitution now presents an opportunity to rethink the legal dualism and the prejudices of the past. The closing date for comments on the issue paper is 31 October 1996.

Conflict of laws in the application of indigenous law

Since indigenous law now enjoys explicit recognition on a par with common law as part of South Africa's legal system, clear choice of law rules are required to direct the courts to apply either indigenous law or common law in line with the parties' social circumstances and the requirements of the Constitution. At present, it is far from clear when indigenous law is applicable. The closing date for comments on this issue paper is 30 November 1996.

The Commission has also published a discussion paper on the law of insolvency: ***Review of the law of insolvency: Draft Insolvency Bill and explanatory memorandum***

The Bill reflects the assimilation of comments on deficiencies in the Insolvency Act 24 of 1936 and related laws, and proposals for reform in respect of these matters, received since the commencement of the investigation. The explanatory memorandum expounds the proposed changes to the existing law and the reasons for them. The Bill contains only preliminary proposals regarding the insolvency of individuals. One consolidated Act is however envisaged, incorporating the winding-up provisions of companies and close corporations as well as other legal entities such as banks, pension funds, building societies, medical funds, insurance companies and co-operatives. The closing date for comments on the discussion paper is 15 November 1996.

A report on money laundering has been submitted to the Minister of Justice: ***Report on money laundering and related matters***

The matters investigated in the course of this project include procedures to effectively identify the customers of an organisation, to ensure effective record-keeping and to report information on transactions that may involve the proceeds of crime. The establishment of an organisation to which information should be reported is also envisaged. This body will also enforce the administrative framework through administrative sanctions. The Commission proposes that the administrative measures should apply to a wide variety of organisations in the business sector that are in a position to deter money laundering activities.

Project committees

Project committees for the investigation into the simplification of ***criminal procedure, sentencing*** and ***class actions*** have been appointed to assist the commission in its functions. The commission's investigation into ***arbitration*** has been broadened to include all aspects of alternative dispute resolution and for this purpose additional appointments have been made to the project committee.

Departement Justisie

Vervolg van p 131

Ten slotte kan vermeld word dat die Departement van Justisie van die standpunt uitgaan dat die nuwe konstitusionele orde nie as vanselfsprekend aanvaar moet word nie, maar versigtig versorg en beskerm moet word. Soos duidelik uit die voorafgaande gedeeltes blyk, word die transformasieproses op 'n gestruktureerde, beplande en deursigtige wyse aangepak om sodoende 'n funksionele en doelgerigte departement en regspleging daar te stel wat tot voordeel van die hele gemeenskap strek.